Kontak-kring
Kleingroepriglyne

'n Lewe van liefde.

Romeine 13: 8-14

DAAR & DAN
kontak met God se Storie

2. Kontak met God
Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om God se teenwoordigheid te simboliseer. Plaas dit in die middel van die groep.

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Laat iemand Psalm 149: 1-6a hardop as gebed lees.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings van die afgelope week. Dank God daarvoor.

3. Kontak met die Woord
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan Romeine 13: 8-14 en gesels oor die volgende.

Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

1. Kontak met mekaar
Aankoms, verwelkoming en verversings.

Ysbreker
Vertel vir mekaar van julle eerste liefde.

HIER & NOU
kontak met myself & Godstories

Dink julle daar is enige grense aan liefde as 'n manier van lewe en as 'n oplossing van baie probleme? Hoekom of hoekom nie?

Hoekom dink julle redeneer Paulus dat die liefde die volle uitvoering van die wet is?

Hoekom dink julle sê Paulus, "*die uur is reeds daar*"?

Wat dink julle bedoel Paulus met "*ons finale verlossing is nou nader*"?

Watter rol speel Jesus se wederkoms in jou geloofslewe?

VERDER & VOOR
kontak met mekaar & ander

Waarna verwys Paulus as hy praat van die "*wapens van die lig*"? Wat beteken dit vir ons?

Vir die Begeleier

Maak 'n paar fotostate van die teksgedeelte en neem dit saam. Dis altyd insiggewend om verskillende vertalings van die teks te lees.

Pitkos: As begeleier van die groep – wees beskikbaar, arriveer vroeg en bly tot laaste.

Bedien Mekaar
kontak deur gebed

Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf. Sluit af met gesamentlike gebed. Dra die gebedsversoeke aan God op. Vra dat God ons sal help om met liefde te leef en om die "*wapens van die lig*" uit te leef.